

Kerkhereniging, die Nagmaal en Jesus se Gebed

Dit wil voorkom of die strewe na die herstel van die een NG-kerkverband in Suider-Afrika 'n groot terugslag beleef met die besluit van die VGKSA se algemene sinodale moderamen om nie die aansoek van die NG Kerk, om volle lidmaatskap van die All Africa Conference of Churches (AACC), te ondersteun nie. Die NG Kerk se onwilligheid om die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif te aanvaar, en die stadige vordering na kerkhereniging (wat voor die deur van die NG Kerk gelê word), maak dit volgens die VGKSA vir hulle onmoontlik om genoemde aansoek te ondersteun.

Ek sal dit nie hier waag om my uit te spreek oor die meriete van die VGKSA-moderamen se besluit nie. Nog minder oor die vraag wie die skuld moet dra vir die stadige vordering na kerkhereniging, en al die redes daarvoor. Die feit is dat die besluit van die VGKSA-moderamen die herenigingsproses binne die NG kerkfamilie geen guns gedoen het nie.

Die nag voor sy dood is Jesus saam met sy dissipels in die bovertrek. By hierdie geleentheid was Hy hul voete en stel Hy die nagmaal in (Joh 13 en 1Kor 11:23-25). Dan praat Hy met hulle oor baie dinge (Joh 14-16), en veral bid Hy vir hulle (Joh 17).

Ek wil graag oor die nagmaal en hierdie gebed enkele opmerkings maak :

Die kerk het deur die eeue die nagmaal as 'n *eenheidsmaal* verstaan. Luister byvoorbeeld na die NG Kerk se onderskeie formuliere vir die nagmaal :

Die klassieke nagmaalsformulier lui ondubbelsinnig :

Verder word ons ook deur dieselfde Gees onderling as lede van een liggaam in ware broederlike liefde saamgebind soos die apostel sê : “Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood” Net soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn vloei, so moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, een liggaam wees¹

Die ander nagmaalsformulier wat in die Handboek vir die Erediens van 1988 opgeneem is praat dieselfde taal :

Die nagmaal verbind ons nie net met sy dood nie, maar help ons om in die gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is die lewende Christus in die nagmaal by ons teenwoordig. Verder word ons deur dieselfde Gees ook weer met mekaar as lidmate van een liggaam, in broederlike liefde saam verbind, soos die apostel sê: “Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die brood”²

Een van die formuliere in die Handleiding vir die Erediens (2007) praat só oor hierdie saak:

Dit sluit ook die gemeenskap met mekaar as lidmate van die een liggaam van Christus in

¹ Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1988) p 94

² Ibid p 82

aangesien dieselfde Gees wat ons oë vir Christus oopmaak, ook ons oë vir mekaar oopmaak en ons in liefde aan mekaar bind..... En dan voeg die formulier die volgende by : Wie eenmaal saam aan die Here geëet en gedrink het, kan nie meer in onvrede met mekaar leef nie³

Dit waarvan die nagmaal spreek - die een liggaam van Jesus Christus - is ook dit waarvoor Jesus in sy gebed in Joh 17 bid: Die eenheid van die liggaam - die kerk - van Christus :

vers 11b : Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat u My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees

vers 21 : Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het

vers 22 : Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is

vers 23 : Ek in hulle en U in My , sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet

Jesus bid vir die eenheid van die dissipelkring, die kerk. Waarom? :

- sodat die kerk so een sal wees soos wat Hy en sy Vader een is (v 11)
- sodat die wêreld kan weet dat God die Vader die Seun Jesus gestuur het (v 23)
- sodat die wêreld kan weet dat God die Vader die gelowiges liefhet soos wat Hy sy Seun Jesus liefhet (v 23)

Ek hoor in hierdie gebed dat die wêreld, die buitestaanders, die eenheid van die gelowiges sal opmerk en daaruit sekere afleidings sal maak ten opsigte van Jesus Christus in wie daardie eenheid gefundeer is :

- ten eerste dat Hy deur God gestuur is en dus nie verontagsaam mag word nie;
- en ten tweede dat God die gelowiges liefhet net soos Hy sy Seun liefhet en die gelowiges dus die gunsgenote van God is, ongeag wat hulle hier in die wêreld aan vervolging en verdrukking moet verduur.

Dit alles beteken dat daar van die eenheid van gelowiges - die kerk - as sodanig ‘n getuienis uitgaan in die wêreld, en die getuienis dwing tot eerbied vir God en vir Christus. Maar dan is die teendeel mos ook waar: die verbreking van die eenheid lei tot die verydeling van die getuienis!

Hierby sal ‘n mens waarskynlik ‘n paar ander goeie redes kon voeg : Die biddende Jesus is hier - vlakvoor sy dood - bekommerd dat daar verdeeldheid tussen die gelowiges sal kom - dat hulle uitmekaar sal spat wanneer die aanvegting en vervolging hulle tref - en dat hulle

³ Vir die Erediens - ‘n Handleiding - Nederduitse Gereformeerde Kerk (2007) p 79-80

so ook verswak sal word - want is geloof dan nie iets aansteekliks nie? Is dit dan nie die geheim van geestelike gemeenskap nie - dat gelowiges geestelik gebou word deur mekaar se geloof? Ook besef Christus waarskynlik baie goed *eendrag maak mag*, en dat onderlinge verdeeldheid en skeuring die saak van die Koninkryk net skade kan aandoen. Binnekort sou die kerk ook uit Jerusalem en Judea beweeg tot in Samaria en die uithoeke van die aarde, en sou mense uit alle volke en tale en kulture daaraan deel kry, en sou dit net soveel moeiliker raak om die uiteenlopende skare van gelowiges bymekaar te hou!

Die vraag ontstaan wat die *aard* van hierdie eenheid is. Vele NG-lidmate, ampsdraers en selfs teoloë is van oortuiging dat dit slegs ‘n *geestelike* eenheid is, dat dit slegs gaan om die gemeenskaplike saligmakende geloof, om die onderlinge liefde wat gestalte moet kry tussen die gelowiges in Christus, en dat daar in hierdie gebed geen sprake is van ‘n sigbare en strukturele kerklike eenheid tussen gelowiges nie - nie eens tussen gelowiges van dieselfde belydenis nie.

Natuurlik is hierdie ook ‘n *geestelike* saak. Natuurlik moet gelowiges *eensgesind onder mekaar wees* (Rom 12:16), *een in liefde, een van hart, een in strewe* (Fil 2:2). Die bybel is duidelik oor die absolute belangrikheid daarvan, en sekerlik bid Jesus ook daarvoor. Op geen wyse durf ons in die gesprek met ons broers en susters in die ander kerke in die Familie hierdie geestelike eenheid onderbeklemtoon nie!

Maar Jesus bid ook vir die eenheid van die kerk, wat so *sigbaar* moet word dat dit kan help om ongelowiges te laat glo dat Hy, Jesus, die Een is wat van God na die wêreld moes kom (v 21). Hy bid in v 23 dat die gelowiges *volkome* een sal wees - letterlik *dat hulle volledig as eenheid bymekaar sal wees*. *Volkome* wil tog sê dat hierdie eenheid *volledig* sal wees - *volmaak, perfek* - nie slegs geestelik nie, en nie slegs struktureel nie, maar *beide* geestelik en struktureel - *volledig één!*

Die argumente teen laasgenoemde verstaan en verklaring van die teks is legio, maar myns insiens nie goed nie : *die bybel gebied dit nie uitdruklik nie - die struktureel-sigbare eenheid van die kerk is ‘n onmoontlike en onpraktiese saak gegee die algemeenheid van die kerk - die rykdom van kulturele verskeidenheid maak ook die strukturele eenheid van die kerk ‘n onmoontlike saak - is enkele van die teenargumente wat aangevoer word. Nog ‘n argument teen ‘n sigbare en strukturele eenheid is dat sigbare eenheid nie tot die wese van die kerk behoort nie, maar tot die welwese.*

Die feit is dat die NG Kerk in sy sinodale vergaderings in hierdie gebed van die Here die opdrag tot strukturele kerkhereniging gehoor het⁴ En hierin was die Kerk ook nie alleen

⁴ Kerk en Samelewing - ‘n Getuienis van die Ned Geref Kerk (1986) par 90-93 p17 lees : *Die Woord van God vereis egter van die kerk dat hy hierdie onsigbare eenheid ook hier en nou sal beleef en sigbaar maak. Nie alleen het die gelowiges dit onderling nodig tot hul eie versterking en opbouing nie, maar die wêreld moet dit ook kan waarneem. Christus se gebed om die eenheid van die kerk kry daarom ‘n besondere betekenis : “sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het”. Die duidelik waarneembare eenheid van die gelowiges is vir die wêreld ‘n bevestiging van die waaragtigheid van Jesus se sending. Dit beteken..... dat die kerk die verantwoordelikheid het om sy eenheid sover dit fisies moontlik is met alle*

nie - oor die Christelike wêreld heen is en word hierdie gebed as 'n imperatief vir die bymeekaarbring van gelowiges wat bymeekaar hoort verstaan. Ook hier te lande binne die Suid-Afrikaanse konteks : Die Gereformeerde Kerke was die mees onlangse kerk wat die verband tussen hulle herstel het. Ook die ander Suider-Afrikaanse kerke (Metodiste, Anglikane, Rooms-Katolieke, Apostoliese Geloofsending ens) is struktureel een - die kerke wat dit anders hoor is bitter min!

Die kerk is 'n sigbare aardse grootheid, en die eienskappe van die kerk - *die eenheid, heiligheid, algemeenheid en Christelikheid* - moet daarop toegepas word. Van 'n onsigbare kerk weet die Skrif nie! Is die NG Kerk van Cradock-Oos onsigbaar? En dié van Hofmeyr en Colesberg en Middelburg? En die kerk van Rome en Efese en Korinte: was dit onsigbare kerke? Nee, so konkreet en sigbaar as wat die mense in die kerk is, so konkreet en sigbaar is die kerk self! Natuurlik is daar ook *onsigbare* aspekte in die kerk - roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, ensomeer - dit is die verborge geestelike gemeenskap van die gelowiges met God. Maar wat onsigbaar is, kan nie kerk genoem word nie, en wat kerk is, is nie onsigbaar nie!⁵

Ons moet as kerk (-familie?) verlos word van 'n teologie wat al die eienskappe van die kerk op die sg onsigbare kerk oordra en intussen voortgaan om op die vlak van die sigbare die verskeurdheid van die kerk te verdedig. Hoe durf gelowiges ooit vrede maak met die verskeurdheid van Christus se liggaam, en dit dan nog *as-deur-God-gewil* verdedig? Is die Bybelse eis van 'n konkrete eenheidsgestalte vir die kerk nie in ons veelvolkige samestelling ter wille van 'n bepaalde ideologiese konstruksie opgeoffer nie? En is die kulturele verskille tussen gelowiges - wat veronderstel is om die lewe in die kerk te *verryk* en te *versier* - nie verabsoluteer en bo een van die wesenseienskappe - die *eenheid* van die kerk - gestel nie?

Daar is 'n teks in die Skrif wat strukturele eenheid bepleit - die Bybel self is die teks: die Bybel adem die eenheid van die kerk - 'n geestelike maar terselfdertyd sigbare eenheid - 'n eenheid wat so na as moontlik - te midde en ten spyte van alle moontlike verskille en verskeidenheid - aan een struktuur kom - die sigbare en tasbare liggaam van Jesus Christus! En hierdie saak en soeke sal op die sakelys van die Kerk bly tot met die wederkoms - immer uitkringend - om meer en meer sigbaar gestalte te gee aan die een liggaam van Christus!

Aan die een kerk is die bediening van die versoening toevertrou (2Kor 5:18). Maar hoe kan 'n verskeurde en onversoende liggaam van Christus hierdie boodskap met oortuiging verkondig en hierdie versoening met geloofwaardigheid bedien?

Kan die Familie van NG Kerke ooit regtig vrede maak met die verabsoluttering van die

gelowiges te beleef en sigbaar te maak.....(en) steeds moet streef na die groots moontlike sigbaarmaking en beleving van die geestelike eenheid van die volk van God. Die Algemene Sinode het hierdie standpunt herhaal in Kerk en Samelewing 1990 - 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk par 82-87 p12-13

⁵ Vir meer hieroor lees by JA Heyns, DIE KERK (1977) p 186 ev

kulturele verskeidenheid van haar lidmate? Durf die verskeidenheid ooit die *wesenseienskap* van die eenheid van die kerk te bowe gaan? En dit terwyl die Skrif so duidelik spreek dat die kerk 'n nuwe gemeenskap is waarin dit nie meer saak maak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie, maar almal één is in Christus Jesus (Gal 3:28)? Is die Kerk as die één volk van God dan nie juis die Ou en Nuwe Testamentiese antwoord op die Babelse verskeurdheid nie?

Ek vra jou : behoort die *heiligheid* en die *algemeenheid* en die *Christelikheid* en die *gemeenskap van die heiliges* van die kerk tot haar wese of welwese? Natuurlik tot die wese - tot die hart van die kerk! En so ook die *eenheid* - onsigbaar én sigbaar! So bely ons deur al die eeue : *Ek glo aan een heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges*..... Dit is wat ons glo die kerk is!

Die biddende Jesus vra van die Familie van NG Kerke om *gehoorsaam* te wees : om, te midde van al die baie struikelblokke wat ons self meesal in die weg na kerkhereniging lê (en waarvan die besluit van die VGKSA-moderamen net nóg een is!), die eenheid tussen ons te koester en uit te bou en sigbaar te maak in een liggaam - sodat die wêreld kan glo!

Ook die brood en wyn roep ons daartoe op!

Hansie Schutte
Cradock-Oos
10 September 2008